higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VERVOERBEDRYF
NKR VLAK 2

(11020312)

20 November 2019 (Y-Vraestel)
13:00–16:00

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Gebruik slegs BLOU of SWART ink.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 'n Vervoerdiens wat goedkoper is en wat aantreklik vir laer inkomstegroepe is:

A Trein
B Bus
C Gautrain
D Taxi

1.1.2 'n Kombinasie van al die vervoermodusse/vervoersoorte in 'n stelsel waarin hulle op mekaar staatmaak, maar onafhanklik funksioneer:

A Modale afhankliklikheid
B Vervoerbedryf
C Intermodale vervoerstelsel
D Vervoerverskaffing

1.1.3 Die inkomste-en-uitgawestaat word deur die volgende departement in 'n vervoerbesigheid opgestel:

A Bemarking
B IT
C Menslike hulpbronne
D Finansies

1.1.4 Die grootste nadeel van hierdie vervoermodus/vervoerwyse is sy beperkte bedryfsomvang en spoed:

A Lug
B Pyplyn
C Treinspoor
D Pad

1.1.5 Algemene openbare vervoer sluit in ...

A busse
B kabelspore
C skepe
D die Blou Trein

(5 × 1) (5)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Metrorail verskaf passasiersvervoer oor lang afstande en plaaslik in sommige metropolitaanse stede.

1.2.2 Oorbelading beskadig die padnetwerk.

1.2.3 Die beplanning en skedulering van roetes is 'n toesighoudende aktiwiteit in vlootbeheer.

1.2.4 Swak voertuigonderhoud kan tot 'n verlies aan markaandeel vir 'n vervoeronderneming lei.

1.2.5 Verborge onderhoudskoste sluit in arbeid, voertuigonderdele en gereedskap.

(5 × 1) (5)

1.3 Voltooi die volgende sinne deur die woord(e) in die lys hier onder te gebruik. Skryf slegs die ontbrekende woord(e) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOODBOEK neer.

vrag; diere; 250; agtergrond; spoor; smeermiddel; petroleum; band; 3 500; lug

1.3.1 … -vervoer het 'n baie hoë vragskade-rekord.

1.3.2 Brandstof, olie, oplosmiddels en teer staan bekend as ... -produkte.

1.3.3 'n Ligte motorvoertuig verwys na 'n motorvoertuig met 'n bruto voertuigmassa van nie meer as ... kg nie.

1.3.4 ... -kontroles is belangrik wanneer bestuurders in 'n vervoerbesigheid aangestel word.

1.3.5 Standaardhouers/gestandaardiseerde houers vervoer dikwels ...

(5 × 1) (5)

1.4 Kies die korrekte woord of woorde uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.5) in die ANTWOORBOEK neer.

1.4.1 (Lug-/See-) vervoer is geskik vir die vervoer van swaar en groot goedere tussen lande.

1.4.2 'n Persoon wat vir die gebruik van 'n motorvoertuig van enige klas verantwoordelik is, word 'n (operateur/kontrakteur) genoem.

1.4.3 Dit word aanbeveel dat 'n motorvoertuig elke (ses maande/ses jaar) 'n groot/major onderhoudsdiens kry.

Kopiereg voorbehou

1.4.4 Die omruil van vloeistowwe en filters is deel van (reaktiewe/voorkomende) onderhoud.

1.4.5 'n Ontleding van die algehele vlootwinsgewendheid staan bekend as (vlootontleding/vlootkosteberekening).

(5 × 1) (5)

1.5 Kies 'n term uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (1.5.1–1.5.5) in die ANTWOORBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.5.1	Beplanning van 'n diens op grond van die toestand van die motor	A	tarra
		B	N2
1.5.2	Vervanging van filters en smeermiddels	C	voorsiene onderhoud ('predictive maintenance')
1.5.3	Gewig van 'n leë voertuig of houer	D	tersiêr
		E	kontrolelys
1.5.4	'n Voorbeeld van 'n pad wat deur die nasionale regering bestuur word	F	smeerstelselonderhoud
1.5.5	'n Instrument wat gebruik word om die toestand van 'n voertuig te bepaal/assesseer		

(5 × 1) (5)

[25]

TOTAAL AFDELING A: 25

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Onderskei tussen 'n *vervoeronderneming/-besigheid* en 'n *vervoersakesektor.* (5 × 1) (5)

2.2 Is vervoer 'n sekondêre of tersiêre ekonomiese aktiwiteit? Motiveer jou antwoord. (3 × 1) (3)

2.3 Gee DRIE redes hoekom die vervoerbedryf/vervoerbedrywighede noodsaaklik vir die funksionering van die gemeenskap is. (3 × 2) (6)

2.4 Noem enige TWEE stukke wetgewing wat oorweeg moet word wanneer mens 'n vervoerbesigheid begin. (2 × 1) (2)

2.5 Verduidelik VIER maniere waarop vervoerbedrywighede 'n impak op die omgewing kan hê. (4 × 2) (8)

2.6 Beskryf enige DRIE ander etiese uitdagings wat in die vervoerbedryf kan ontstaan. (3 × 2) (6)

[30]

VRAAG 3

3.1 Hoe verskil die werking van *kusverskeping* van *oorsese verskeping*? (5)

3.2 Bespreek VIER voordele van uitkontraktering. (4 × 2) (8)

3.3 Beskryf elk van die volgende kategorieë vervoerdienste:

3.3.1 Passasiervervoer

3.3.2 Openbare/publieke vervoer

(2 × 2) (4)

3.4 Noem enige TWEE eienskappe van goedere wat in gedagte gehou moet word wanneer in-transito-sorg (sorg tydens vervoer) beplan word. (2 × 1) (2)

3.5 Gee DRIE voordele van die gebruik van spoor- ('tracking') en moniteringstegnologie tydens vervoerbedrywighede. (3 × 2) (6)

[25]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

4.1	Onderskei tussen *voorkomende onderhoud* en *reaktiewe onderhoud.*		(5)
4.2	Gee DRIE voorbeelde van roetine-onderhouddienste.		(3)
4.3	Verduidelik enige VIER gevolge van swak voertuigonderhoud.	(4 × 2)	(8)
4.4	Beskryf enige TWEE algemene veiligheidheidsprosedures tydens die laai en aflaai van petroleumprodukte.	(2 × 2)	(4)
			[20]

TOTAAL AFDELING B: 75
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou